Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, April 29, 2021
Page: 27

LBW | RUBRIEK GELDBEPLANNING | NICO VAN GIJSEN



# Beplan betyds vir dié risiko's

**Boere moet daarteen waak om die plaas as hul aftreeplan te beskou en te dink hulle kan dit lewenslank as hul primêre inkomstebron beskou. Verskeie faktore kan dié prentjie belemmer – maak dus voorsiening daarvoor.**

Vandeesweek gesels ons oor drie finansiële risiko's waarmee boere rekening moet hou, naamlik aftrede, boedel-likiditeit en gevreesde siektes.

Daar is 'n vierde risiko, naamlik ongeskiktheid, maar die eerste drie is die belangrikste. 'n Boer wat ongeskik raak, kan nog die werk láát doen, al kan hy nie self meer nie. Maar 'n geldtekort gaan niemand vir jou uitwis nie. Net jy kan dit doen. Indien nie, gaan jy of jou naasbestaandes daaronder ly.

## AFTREDE

Dit lyk soms of baie boere aan die plaas en die boerdery dink as hul aftreeplan. Dit is hoogs riskant. Een lang droogte kan jou boerdery en daarmee jou aftreeplan uitwis. Ja, jy kan nog die plaas verkoop en van daardie geld leef, minstens vir 'n paar jaar, maar wat van daardie kind wat gedroom het om daar te boer?

Wat my bring by die tweede punt met hierdie boerdery-aftreeplan. Die kind wil boer. Hy of sy trou en nou is daar 'n tweede gesin wat ook uit die plaas se opbrengs moet leef. Intussen moet jy nog 'n aftree-inkomste ook daaruit kry.

Dit is beter en slimmer vir 'n boer om vir sy eie aftrede te sorg buiten die boerdery. Geen verstandige mens leef tog van maand tot maand of jaar tot jaar sy volle inkomste uit nie. Jy moet daarvan wegsit.

'n Uittree-annuïteit is die beste opsie vir 'n boer vir aftrede. Daar is belastingvoordele. 'n Uittree-annuïteit is ook nie blootgestel aan droogtes of skuldeisers nie. Dit is sekere geld vir wanneer jy aftree. Aftrede gaan kom, glo my. As jy nie doodgaan nie, gaan jy oud word en wil jy regtig 'n meulsteen om jou kinders se nek wees?

## BOEDEL-LIKIDITEIT

Sorg dat daar genoeg kontant in jou boedel is vir die dag as jy sterf. Skuld en belasting moet betaal word. Nie almal is gelukkig genoeg om skielik weg te val nie, dit kan soms met 'n lang, dalk jare lange, siekte gepaardgaan en dit gaan jou spaarvarkie melk. Kortom, jy wil nie doodgaan sonder genoeg geld om al hierdie uitgawes te dek nie.

Tensy jy jou kind se erfenis wil gaan beswaar met 'n vruggebruik aan jou vrou, moet daar genoeg geld wees om haar te onderhou vir die res van haar lewe. Ek dink daar word te veel gesteun op vruggebruike vir langslewende vroue – na my mening hoofsaaklik omdat daar nie verantwoordelike finansiële beplanning was nie. Dan eindig die familie, soos ek dikwels sien, in 'n onenigheid omdat die ma vruggebruik het en die seun, of wie ook al, sy eie gesin aan die lewe moet hou. Die seun probeer om self finansieel vooruitgang te maak, terwyl ma al die voorregte van die vrugte van die boerdery, of in baie gevalle net 'n woonhuis, geniet.

Genoeg lewensdekking is die eenvoudige en sinvolle antwoord. Dit is 'n goedkoop en beslis die sekerste manier om kontant te skep vir al die probleme wat ek hier noem.

## GEVREESDE SIEKTE

Die logiese rede vir dekking teen gevreesde siektes is om geld beskikbaar te stel as jy 'n gevreesde siekte opdoen, soos kanker, 'n hartaanval of 'n beroerte. Dit kan baie duur uitwerk en selfs die beste mediese skemas gaan nie ten volle instaan nie.

Daar is egter 'n ander rede en dit is veral vir daardie boere wat vas glo in die plaas as sy aftreeplan. As jy só redeneer, het jy beslis dekking teen gevreesde siektes baie nodig. Dit gaan nie net om geld beskikbaar te stel, soos ek hierbo noem nie, maar om te help om jou finansieel aan die lewe te hou terwyl jy dalk nie kan werk nie.

Dekking teen gevreesde siektes is 'n belangrike deel van 'n aftreeplan, veral vir diegene met 'n eie onderneming wat op die inkomste daaruit staatmaak.

Begin jou finansiële plan met die vraag "Wat as…?" en kyk waar kom jy uit. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**; **021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.